NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 25 NOVEMBER 2004 OM 09:30 TE NG KERK PE-WES

1. OPENING

1.1 Vergaderplek

1.1.1 Die Sinodale Kommissie vergader in die kerksaal van die NG Kerk PE-Wes.

1.2 Skriflesing en gebed

1.2.1 Die vergadering sing Liedboek 364 en 353 saam.

1.2.2 Ds Rethie van Niekerk lei die opening. Sy lees Jesaja 2:1-5 voor en gee geleentheid dat lede twee-twee met mekaar gesels oor dit wat hul aandag trek of waaroor hulle wonder. Daarna word terugvoer gegee oor die insette van elkeen se gespreksgenoot. Die vergadering bid in kleingroepies saam en Kobus Prinsloo sluit af deur die teks weer voor te lees.

1.3 Geloofsverbintenis: Oos-Kaapland

1.3.1 Die vergadering verbind haarself opnuut tot die sinodale geloofsverbintenis onder leiding van die voorsitter.

GELOOFSVERBINTENIS

Ons glo aan een kerk as spieëlbeeld van ons een God: Vader, Seun en Heilige Gees.
Daarom verbind ons ons aan eenheid onder mekaar, in ons kerkfamilie en met ander Christene oor die wêreld.

Ons glo aan `n heilige kerk wat deur wet en belydenis `n ligdraer in die wêreld is.
Daarom verbind ons ons om as Geesvervulde mense prakties aan die evangelie gestalte te gee.

Ons glo aan `n algemene kerk wat weens Christus se koningskap oor tyd en ruimte heen bestaan;
Daarom verbind ons ons om die boodskap van Christus oor die wêreld heen te dra.

Ons glo aan `n Christelike kerk wat as barmhartigheidsgemeenskap in Christus gesalf is;
Daarom verbind ons ons om met dade lief te hê en blymoedige offers te bring.

Ons glo aan die gemeenskap van die heiliges wat hulle gawes met vreugde tot nut van mekaar gee;
Daarom verbind ons ons om na mekaar om te sien en die ander se belang eerste te soek.

1.4 Gebed

Die voorsitter, ds Hansie Schutte, gaan in gebed voor.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJ de G Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds MF Steyn
Ds CH van Heerden – DL Finansies (verskoning)

2.2 Lede deur die Ringe benoem

RINGE	PRIMARII	SEKUNDI
Albanie	Ds WG Olivier Oudl (ds) JM Wolmarans (Fort Beaufort)	
Algoa	Ds JP Kampman	
Burgers-dorp	Ds AC van der Westhuizen (Aliwal-Noord) Oudl (me) CJ Nel (Aliwal-Noord)	
Cradock	Ds HM Strydom Oudl (me) AS Smit (Cradock-Noord)	
Dordrecht	Ds WA van Zyl Oudl L Theron (Barkly-Oos)	
Graaff-Reinet	Ds EH Ferreira	Diak (me) S Francis (Jansenville)
Humans-dorp	Ds MF Steyn	Oudl (me) J Beukes (Humansdorp)
Oos-Londen	Oudl A Olivier (KWT)	
Port Elizabeth	Ds M van Niekerk Oudl (ds) PL Louw (Kensington)	

PE-Wes	Ds C Coetzee Diak (me) E Anderson (Sionsrand)	
Queenstown	Ds JPL van Straaten Oudl F van Z Bakkes (Cathcart)	
Sondags-rivier	Ds AHG Lötter Diak SE Phillipson (Despatch-Eendrag)	
Uitenhage	Ds TJ van Schoor Oudl WH Lane (Uitenhage-Noord)	

2.3 Adviserend

Dr JWJ Viljoen – Direkteur Administrasie

2.4 Op uitnodiging

Dr A Oliphant – DL Diens van Barmhartigheid
Dr JD Prinsloo – DL Gemeentebediening
Ds JH van Niekerk – DL Getuienis
Ds WP Petzer – DL Jeug
Dr JP Cloete – DL LAS (Verskoning)
Mev L Steyn – DL Vrouelidmate
Prof PJ Naudé - Ad Hoc Projekbestuurder Netwerk vir Navorsing (Verskoning)
Ds BIC Steyn - Ad Hoc Projekbestuurder Begeleidingsnetwerk

2.5 Reiskostevorms

2.5.1 Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. SITTINGSURE

3.1 Die volgende sittingsure word goedgekeur:

09:30 - 10:00 Tee
10:00 - 13:00 Vergadering
13:00 – 13:45 Ete
13:45 - Vergadering tot en met afsluiting.

4. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die sakelys word as volg aangevul:

Bylae P en Q by pt 6.4.6

Bylaag T by pt 6.4.7

Pt 10.1 Besluite Algemene Sinode aan kerkrade

Pt 16.2 Agterstallige sinodale bydraes - Grasvoëlkop - Bylaag R

Pt 16.3 Skrywe Ring van Albanie - Bylaag U

Pt 17.3 Barmhartigheidsgegewens uitstaande - Bylaag O

Pt 17.4 Notule moderatuur en deskundige lede - Bylaag S

Pt 17.5 Netwerkbestuurders - Bylaag T

Pt 17.6 Herstelskade: Sinodale Sentrum

5. NOTULES VIR KENNISNAME

5.1 SK - 2004-05-13 Bylaag A

5.1.1 Besluit: Kennis geneem.

5.2 SK - 2004-07-29 Bylaag B

5.2.1 Besluit: Kennis geneem.

5.3 SK-Dagbestuur - 2004-07-29 Bylaag C

5.3.1 Besluit: Kennis geneem.

5.4 SK-Dagbestuur - 2004-10-28 Bylaag D

5.4.1 Besluit: Kennis geneem.

6. SAKE VOORSPRUITEND

6.1 SK 2004-05-13 Bylaag A

6.1.1 Kapitalisering van 25% van rente (pt 19.1.3)

6.1.1.1 Kennis geneem dat paragraaf 19.1.3 behoort te lees "...kapitalisering van 25% van die rente..." in plaas van "...75% van die rente...".

6.2 SK - 2004-07-29 Bylaag B

6.2.1 Kerkhereniging en Konvent vir Eenheid (pt 4.)

6.2.1.1 Die besluite van die buitengewone vergadering van die SK op 29 Julie 2004 is aan die UK van die Konvent gekommunikeer en as beskrywingspunt aan die Algemene Sinode deurgestuur. Dié beskrywingspunt verskyn op bladsy 267-8 van Deel III van die sakelys van die Algemene Sinode.

6.2.1.2 Kennis geneem.

6.3 SK-Dagbestuur - 2004-07-29 Bylaag C

Geen sake vir bespreking nie.

6.4 SK-Dagbestuur - 2004-10-28 Bylaag D

6.4.1 Streekskonvente 2004 (pt 5.1.1)

6.4.1.1 Kennis geneem dat die streekskonvente die herstel van kerkverband in die Familie van NG Kerke ten doel het.

6.4.1.2 Besluit dat die finale beplanning van die streekskonvente in oorleg met die ander rolspelers in die Familie van NG Kerke gedoen word.

6.4.1.3 Die vergadering bespreek ook Bylaag S

(Notule moderatuur - dd 2004-11-24) en **besluit**:
***1 Pt 4.1.1.1 - Kennis geneem;**
***2 Pt 4.1.1.2 - Goedgekeur - waarmee volmag aan die moderatuur verleen word om die beplanning van die streekskonvente te hanteer.**

6.4.2 Patmos (pt 5.1.2)

6.4.2.1 Die vergadering bespreek die gesprek tussen die SK en Patmos met die volgehoue vertroue dat die gemeente na volle meelewing in die kerkverband sal terugkeer.

6.4.2.2 Besluite:
***1 Die optrede van die SK-Dagbestuur word goedgekeur;**
***2 Kennis geneem dat die opstel van al die dokumente en die afhandel van die korrespondensie deur die skriba afgehandel is.**

6.4.3 Hulp aan die kerk in Zimbabwe (pt 5.1.5)

6.4.3.1 Die vergadering neem met dankbaarheid kennis van die wyse waarop gemeentes die kerk in Zimbabwe daadwerklik ondersteun.

6.4.3.2 Besluit: Ringsverteenwoordigers op die SK sal seker maak dat elke gemeente in hul ringe die projek met die opneem van 'n spesiale kollekte ondersteun.

6.4.4 Koste: Afvaardiging na die Algemene Sinode (pt 5.1.7)

6.4.4.1 Die vergadering kondoneer die dagbestuur se reëling.

6.4.5 Hersiening van Vorm A (pt 5.1.14) Bylae K en K.1

Voorstel A
Die Ring van Albanie versoek die Sinodale Kommissie om Vorm A so te wysig dat daar ook 'n afdeling ingerig word om gemeentes se bydraes tot ringsfondse te reflekteer.
Voorsteller: Johan Wolmarans
Sekondant: : WG Olivier
Goedgekeur

6.4.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Vorm A: Vorm vir kerklike ondersoek - dd 2004-11-15) op voordrag van die DA en neem die volgende **besluite:**
***1 Pt 1 - Goedgekeur**
***2 Pt 2 - Die byvoegings en wysigings word goedgekeur, met opdrag aan die DA en deskundige lede om verdere wysigings te oorweeg en vir goedkeuring aan die eersvolgende SK-Dagbestuur (Februarie 2005) voor te lê.**

6.4.6 Sinodale beplanning in die lig van Algemene Sinode 2004 (pt 6.1.2) Bylaag P en Q

6.4.6.1 Chris van Wyk dra Bylaag P (Aanbevelings uit die Algemene Sinode se besluite vir die NG Kerk in Oos-Kaapland – dd 2004-11-24) voor.

6.4.6.2 Besluite oor Bylaag P:
***1 Pt 1-1.4 - Goedgekeur**
***2 Pt 1.5 word aangevul om te lees "1.5 die insluiting van 'n verskeidenheid spiritualiteite en Gereformeerde identiteit" - Goedgekeur.**
***3 Pt 1.6 - Goedgekeur**
***3 Pte 2 – 7 - Goedgekeur**

6.4.6.3 Die vergadering bespreek ook Bylaag Q (Notule van 'n beplanningsvergadering deur die afgevaardigdes na die algemene sinode – dd 2004-10-15) en neem in geheel daarvan kennis.

6.4.7 Herstrukturering van portefeuljes van deskundige lede (pt 6.4 en 16.1)

6.4.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag T (Aanbevelings van Netwerkbestuurders - ongedateerd).

6.4.7.2 Besluite:
***1 Pt 1 Naam: Goedgekeur**
***2 Pt 2 - Netwerke : Goedgekeur**
***3 Pt 3 - Bestuur: Goedgekeur**
***4 Pt 4 – Begroting: Goedgekeur**
***5 Pt 5 - Vergaderings: Goedgekeur**
***6 Pt 6.- Ringsprojekte: Goedgekeur**

6.4.7.3 Die vergadering neem ook kennis dat die sinode as volg by die strukture van die Algemene Sinode (op koste van die Algemene Sinode) verteenwoordig word:
*1 Moderamen - ds Hansie Schutte
*2 Gemeente en Bediening - ds Barnard Steyn
*3 Diensgetuienis: dr Anton Oliphant en ds Johan van Niekerk
*4 Steundienste - ds Christo van Heerden
*5 Regskommissie - dr Schalk du Toit

6.4.8 Aansoek om lidmaatskap - Oos-Kaapse Raad van Kerke (pt 9.1) Bylae E, E.1, E.2

6.4.8.1 Die voorsitter dra Bylaag E (Application for Membership - skrywe van LM Ntshinga, hoof-uitvoerende beampte van die Oos-Kaapse Raad van Kerke - dd 2004-09-17); Bylaag E.1 (Application form for membership - dd 2004-09-17); en Bylaag E.2 (Constitution of the Eastern Cape Provincial Council of Churches - dd 200.02.17) voor.

6.4.8.2 Besluit: Die aanbeveling van die SK-Dagbestuur dat die NG Kerk in Oos-Kaapland as lid by die Oos-Kaapse Provinsiale Raad van Kerke (ECPCC) aansluit, word goedgekeur.

6.4.9 Algemene Sinodebode (pt 13.1)

6.4.9.1 Drieduisend addisionele kopieë van die jongste Kerkbode met 'n bylaag oor die gebeure by en inhoud van die Algemene Sinode is bestel en pro rata volgens lidmaattal aan gemeentes versend.

6.4.9.2 Die vergadering versoek dat die versprei-

ding van soortgelyke publikasies nie in die toekoms via ringsverteenwoordigers, wat die blad regoor hul ringsgebied by gemeentes moet besorg, gedoen moet word nie. Dit skep vertraging en is nie effektief nie.

6.4.10 Begroting 2005 / 06 (pt 17.1)

6.4.10.1 Staan oor tot by pt 8 op die sakelys

6.4.11 Registrasie as Nie-Winsgewende Organisasie (pt 17.3) Bylaag F

6.4.11.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Income tax exemption, skrywe van L Hazelhurst namens die SA Inkomstediens - dd 2004.11.15) en neem kennis dat gemeentes vrygestel is van die registrasie as nie-winsgewende organisasies vir die doeleindes van belastingvrystelling.

6.4.12 Finansiële state van die sinode vir die jaar geëindig 28 Feb 2004 Bylae G en G.1

6.4.12.1 Die DA dra Bylaag G (NG Kerk in Oos-Kaapland finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2004 - dd 2004.10.28) voor.

6.4.12.2 Besluite:
***1 Verslag van die onafhanklike ouditeure – kennis geneem;**
***2 Verslag van die deskundige lid vir finansies – goedgekeur;**
***3 Gekonsolideerde balansstaat op 2004-02-29 – goedgekeur;**
***4 Gekonsolideerde inkomstestaat vir die jaar geëindig 29 Februarie 2004 – goedgekeur.**

6.4.12.3 Die DA dra Bylaag G.1 (Finansiële oorsig vir die jaar geëindig 29 Februarie 2004 – ongedateerd) voor. Die vergadering neem daarvan kennis.

6.4.13 Moontlike Oos-Kaapse sinodale vergadering in 2005 (pt 19.2.2.7)

6.4.13.1 Bylaag S (Notule van die moderatuur – dd 2004-11-24) pt 4.1.4 dien voor die vergadering.

6.4.13.2 Besluite:
***1 Pt 4.1.4.1 – Kennis geneem;**
***2 Pt 4.1.4.2 – Goedgekeur dat 'n buitengewone sinodale vergadering in 2005 gehou word;**
***3 Pt 4.1.4.3 – Goedgekeur;**
***4 Pt 4.1.4.4 – Goedgekeur, nadat 'n gedeelte van die laaste sin geskrap is, sodat die sin nou lees: "Die koste sal vir die rekening van die gemeentes wees.";**
***5 Pt 4.1.4.5 – Goedgekeur.**

6.4.14 Vergaderdatums vir 2005 (pt 20.2)

6.4.14.1 Besluit:
***1 Die vergaderdatums van die dagbestuur en volle SK vir 2005 word goedgekeur;**
***2 Goedgekeur dat die buitengewone sinode van 18-20 Oktober 2005 gehou word.**

7. EVALUERING: SINODALE RITME

7.1 Die SK het op sy vergadering van 27 November 2003 die jaarprogram aan die hand van 'n bepaalde ritme belyn. Die volgende tabel verteenwoordig hierdie strategiese belyning:

Maand	Proses	Persone
Augustus	Visionering en strategie	Moderatuur en SK-Dagbestuur
September	Navorsing en ontwerp van prosesse en projekte	Deskundige lede, Ringsvergaderings en Sinodale Vergaderings
Oktober		
November	Projekte en begroting	Sinodale Kommissie
Desember	Reses	
Januarie		
Februarie	Begeleiding en implementering (kan oorloop tot in Junie)	Deskundige lede en spanne. Sinodale werkswinkels
Maart		
April		
Mei	Opvolg en evaluering	SK Dagbestuur en Sinodale Kommissie
Junie		
Julie	Reses	

7.2 Evaluering: Die vergadering identifiseer leemtes in die sinodale ritme en neem besluite daaroor.

7.3 Besluit: Die volgende sake word vir beplanning en uitvoering na die moderatuur verwys:
7.3.1 'n Situasie soortgelyk aan vanjaar waar die moderatuur en deskundige lede / netwerkbestuurders weens laat aansoeke eers 'n dag voor die SK-vergadering insae in die projekvoorstelle van ringe kry, moet in die toekoms vermy word (sien ook pt 9.2.6 van hierdie notule)**;**
7.3.2 Die indien van projekvoorstelle, die daaropvolgende besinning en koördinering deur die deskundige lede, en die uiteindelike voorlegging aan SK moet behoorlik belyn word, met voldoende tydsverloop tussen die verskillende aksiestappe;
7.3.3 Met die oog op die sinodale begroting, moet die prioriteite vir die volgende jaar vooraf bepaal word, waarna die begroting opgestel word om uitdrukking daaraan te gee.
7.3.4 Konkrete weë om sinergie tussen sinodale en ringsprioriteite te skep, en koördinering tussen die projekte van onderskeie ringe, is van groot belang.

8. SINODALE BEGROTING

Bylaag M

8.1 Die begroting, soos vervat in (Bylaag M (Be-

groting 1 Maart 2005 tot 28 Februarie 2006 – dd 2004.11.24) word as 'n laat stuk ter vergadering uitgedeel.

8.2 Die vergadering versoek dat die begroting in die toekoms vooraf beskikbaar gestel word, sodat lede behoorlik kan voorberei (sien ook pt 7.3 van hierdie notule).

8.3 Die DA dra die begroting in detail voor en beantwoord die vrae van lede.

8.4 Besluite:
8.4.1 Die SK keur die begroting vir 2005 / 2006 goed.
8.4.2 Vanaf 1 Maart 2004 word alle surplusse op die sinodale begroting na die Bystandfonds oorgedra.

8.5 Bylaag S (Notule Moderatuur en Deskundige Lede – dd 2004.11.24) pt 5.2 is ook hiermee afgehandel, uitgesonderd pt 5.2.4.3 wat oorstaan tot by pt 17.4 op die sakelys.

9. RINGSPROJEKTE

9.1 Die vergadering neem Bylaag N (Opsomming van voorgenome ringsprojekte 2005 / 2006 – ongedateerd) in behandeling. **Bylaag N**

9.2 Besluite:
9.2.1 Die projekaansoeke word terugverwys na die SK-Dagbestuur (in vergadering op 3 Februarie 2005) met volmag om besluite oor die projekte te neem.
9.2.2 Die Deskundige Lede doen - na koördinerende gesprek met die onderskeie ringe - in Februarie 2005 'n aanbeveling aan die dagbestuur oor elkeen van die projekte.
9.2.3 Kriteria vir projekaansoeke en –bestuur word deur die DA opgestel as aanbeveling aan die volgende SK-Dagbestuurvergadering.
9.2.4 Ringskommissies word toegerus met die oog op effektiewe projekbeplanning en projek-bestuur.
9.2.5 Deel van die projekaansoek-proses vir 2006/7 sluit 'n ontmoeting tussen die SK-Dagbestuur en die ringskommissies in.
9.2.6 Laat projekaansoeke sal in die toekoms nie in aanmerking geneem word nie.

10. TERUGVOER: ALGEMENE SINODE

10.1 Besluite aan kerkrade

10.1.1 Die voorsitter en skriba het 'n toepaslike seleksie uit die volledige Besluiteregister van die Algemene Sinode vir gebruik deur Oos-Kaapse kerkrade gemaak. Dit word aan gemeentes gepos.

11. VISIONÊRE LEIDING

Geen sake vir bespreking nie.

12. NAVORSING

Geen sake vir bespreking nie.

13. BEGELEIDING

Geen sake vir bespreking nie.

14. BESTUUR

Geen sake vir bespreking nie.

15. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

15.1 Vergoeding van leraars en toelaes Bylaag H

15.1.1 Die DA lê Bylaag H (Vergoeding van leraars en toelaes - dd 200411-10) aan die vergadering voor.

15.1.2 Besluit: Bylaag H word in sy geheel goedgekeur as aanbeveling aan kerkrade.

15.2 Berekening van gemeente-dankoffers - veranderlike insette Bylae I en I.1

15.2.1 Die DA lê Bylaag I (Berekening van Gemeente-dankoffers 2005-2006: Veranderlike insette) voor.

15.2.2 Besluite:
15.2.2.1 Pte 1 – 3 - Kennis geneem.
15.2.2.2 Pt 4.1 - Goedgekeur.

15.2.3 Die vergadering neem kennis van Bylaag I.1 (Sindale Dankoffers 2005 tot 2006: Berekening van veranderlike insette).

15.3 Befondsing Projekte Bylae L en L.1

15.3.1 Die DA dra Bylaag L (Befondsing van projekte in die breë kerkverband – dd 2004-11-08) voor.

15.3.2 Besluite:
15.3.2.1 Pte 1 – 11 - Kennis geneem;
15.3.2.2 Aanbeveling 12.1 - Verwerp
15.3.2.3 'n Amendement op aanbeveling 12.1 word aanvaar wat as volg lui: "Die SK besluit dat dié gemeentes wat nie vir die sinodale dankoffers kwalifiseer nie, ernstig versoek word om jaarliks 0.6% van hulle lopende inkomste (soos per hulle geouditeerde state vir die voorafgaande jaar) vir die befondsing van projekte in die breë verband beskikbaar te stel;
15.3.2.4 Pt 12.2 - Goedgekeur;
15.3.2.5 Pt 12.3 - Goedgekeur;
15.3.2.6 Pt 12.4 - Goedgekeur.
15.3.2.7 Die instelling van 'n verpligte jaarlikse betaling van 0.6% van hul jaarlikse inkomste deur gemeentes wat nie vir sinodale dank-offers kwalifiseer nie, word na die eersvol-gende sinodale vergadering verwys.

15.3.3 Die vergadering neem kennis van Bylaag L.1 (Heffing van 0.6% op die lopende inkomste van gemeentes wat nie sinodale dankoffers betaal nie - dd 2004-11-08).

16. KORRESPONDENSIE

16.1 Ring van Uitenhage: Vermindering reisgelde Bylaag J

16.1.1 Bylaag J (Ring van Uitenhage: Vermindering reisgeld) dien voor die vergadering. Die DA rapporteer dat die konvent se begroting nie voldoende was vir die koste wat gerealiseer het nie, maar die saak is reggestel en die bedrag is aan die ring oorbetaal.

16.1.2 Besluit: Kennis geneem.

16.2 Skrywe Ring van Algoa: Agterstallige bydraes Grasvoëlkop-gemeente Bylaag R

16.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Skrywe van die Ring van Algoa: Agterstallige bydraes van die NG Gemeente Grasvoëlkop - dd 2004-10-20).

16.2.2 Besluit: Die verskuldigde bedrag is reeds in die goedgekeurde finansiële state van die sinode afgeskryf, en die ring word dienooreenkomstig ingelig.

16.3 Skrywe Ring van Albanie Bylaag U

16.3.1 Die aktuarius lê Bylaag U (Ondersoek: Ringskommissie Albanie - dd 2004-11-24) aan die vergadering voor.

16.3.2 Besluit: Kennis geneem van die versoek.

17. ANDER SAKE

17.1 Sekunduslede vir die SK-Dagbestuur

17.1.1 Met die vertrek van di BIC Steyn en DF Oelofse uit hul onderskeie ringsresort, bly slegs oudl (ds) Louis Louw as eerste sekunduslid vir die dagbestuur oor.

17.1.2 Die vergadering wys die volgende twee bykomende sekunduslede vir die SK-Dagbestuur aan per geslote stembrief aan: ds Tobie van Schoor, tweede sekundus, en ds Willie van Zyl derde sekundus.

17.2 Sluiting van Sinodale Kerkkantoor

17.2.1 Die SK besluit dat die Sinodale Kerkkantoor op 15 Desember 2004 sluit en weer op 10 Januarie 2005 heropen. Behalwe vir die amptelike vakansiedae en spesiale verlof tussen Kersfees en Nuwejaar, is die ander verlof vir die personeel se rekening.

17.3 Barmhartigheidsgegewens uitstaande Bylaag O

17.3.1 Die vergadering neem kennis van Bylaag O (Gemeentes waarvan barmhartigheidsgegewens nog uitstaande is - dd 2004-11-25).

17.3.2 Anton Oliphant versoek ringsverteenwoordigers om gemeentes aan te moedig om uitstaande gegewens aan hom te stuur.

17.4 Notule: Vergadering moderatuur en deskundige lede Bylaag S

17.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Notule van 'n vergadering van die moderatuur en deskundige liede - dd 2004-11-24).

17.4.2 Besluite:
17.4.2.1 Pte 1 - 3 -- Kennis geneem;
17.4.2.2 Pt 4.1.1 - Afgehandel by pt 6.4.1.3;
17.4.2.3 Pt 4.1.2 - Kennis geneem (sien ook pt 6.4.6, Bylaag P);
17.4.2.4 Pt 4.1.3 - Afgehandel by pt 10.1;
17.4.2.5 Pt 4.1.4 - Afgehandel by pt 6.4.13;
17.4.2.6 Pt 4.2 - 4.2.3 - Kennis geneem;
17.4.2.7 Pt 5 - 5.2.4.2 - Afgehandel by pt 8.4;
17.4.2.8 Pt 5.2.4.3 - Heffing vir projekkoördinering en projekbestuur word na die moderatuur en netwerkbestuurders verwys;
17.4.2.9 Pt 5.2.5 - 5.2.6.3 - Afgehandel by pt 8.4;
17.4.2.10 Pt 5.3.1 Besluit om die Sinodale Werkswinkel 2005 af te stel ten gunste van 'n subsidie vir die Algemene Predikantevergadering in 2005;
17.4.2.11 Pt 5.3.2 - 5.3.2.2 - Goedgekeur;
17.4.2.12 Pt 6 - 6.1.2 - Kennis geneem.

17.5 Netwerkbestuurders Bylaag T

17.5.1 Die saak is afgehandel by pt 6.4.7.

17.6 Herstelskade: Sinodale Sentrum

17.6.1 Lamppale by sinodale sentrum is deur diewe gestroop en gesteel. Die versekeringspolis dek nie die skade nie, en 'n kwotasie van R17,000 is vir die herstelwerk ontvang, Die koste word uit die lopende inkomste van die sentrum verhaal.

17.6.2 Besluit: Goedgekeur.

18. VERGADERDATUMS VIR 2005

18.1 Dagbestuur

3 Februarie 2005
14 April 2005
28 Julie 2005
20 Oktober 2005

18.2 SK

19 Mei 2005
24 November 2005

18.3 Buitengewone sinode

18-20 Oktober 2005

19. AFSLUITING

Dr Schalk du Toit sluit met ‘n gebed af.

Goedgekeur en onderteken te Port Elizabeth op die SK-Dagbestuursvergadering van:

Voorsitter: Ds EGJ de G Schutte

Skriba: Ds DW Mouton

Ander lede van die Kommissie: